

	<h2>Geloftevolk Koördineringskomitee</h2> <p>www.volksvergadering.co.za</p>	
	<p>Posbus 17305 Bainsvlei 9338</p> 	<p>Vonkpos: vrkomitee@gmail.com Telefoon: 082 455 4303 Faks: 086 619 2695</p>

VOLKSVERGADERING

Kennis geskied hiermee van die 9^{de} Volksvergadering van die Geloftevolk van Suid-Afrika,

D.V. 7-8 Oktober 2017 te Dankbaar CVO Skool te Bloemfontein.

Die Geloftevolk is daardie volk wat gebonde is aan ons Hemelse Vader by wyse van die Skrifte en gekenmerk word deur ons geskiedenis, vernaamlik deur die geloftes wat sedert volksplanting tot stand gekom het, naamlik:-

Die Geloftes van: Van Riebeeck [1654]; Bloedrivier [1838] en Paardekraal [1880].

Ons is vanaf die begin die Geloftevolk!

Volksgenote word hiermee uitgenooi om persoonlik te deel in die vrywordingsproses van die Geloftevolk, wat ingevolge die besluite van die Vegkop Volksvergadering van September 2009, geskoei moet wees op die nakoming van ons volksgeloftes.

Die **tema** van die volksvergadering is: **Miga 6:2b "Want die HERE [1] het 'n twis met sy volk en sal met Israel 'n regsgeding hou."**

Wanneer dit sleg gegaan het met Israel, was dit gewoonlik weens swak bestuur vanuit owerheidsweë. Die koning of priesterdom het afgewyk van die Wet, die volk laat sondig en daardeur die toorn van die HERE [JHWH] ontketen. Dan was God en Sy volk in 'n regsgeding gewikkel tot tyd en wyl owerheid en volk tot bekering gekom het en die rede vir die regsgeding bygelê is. In die geval van Miga 6 het die volk nie Sy Naam gevrees nie deur bedrieglik te handel met vals maatbekers- en weegskale. Leuensprekers, geweldenaars en bedrieërs was algemeen asook die beoefening van afgodsdienste.

Vandag verkeer ons as volk weer in 'n regsgeding met die Almagtige God van hemel en aarde. Dit herinner aan die Britse anneksasie van die ZAR voor die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog toe adjunk president Paul Kruger die anneksasie vertolk het as 'n strafgerig van die HERE [JHWH] weens die versuim om die Gelofte van Bloedrivier te herdenk en die verwydering van die Bybel uit die skole deur pres. T.F. Burgers².

¹ Bybel in Praktyk – verklaring van Ex.6:1-2: "Ons kan hierdie verse soos volg vertaal: "Ek is Jahwe. Ek het aan Abraham, Isak en Jakob verskyn as God, die Almagtige (El Sjaddai), maar met my Naam Jahwe het Ek My nie aan hulle bekend gemaak nie."

Huisgenoot 19 Feb.1987; Prof. Janson skryf in "Sake van die Hart" - dat die Naam van die Skepper van hemel en aarde, wat Jahwe is, 6823 keer uit die Ou Testament uitgehaal is en met "die HERE" vervang is.

² "Na Bloedrivier het "voorspoed en tegenspoed" mekaar afgewissel, en onder die verloop daarvan "werd weder uit het oog verloren de plechtige gelofte" van 1838. "De zoo dierbaar verkregen schat werd niet meer als een dierbare schat der vrijheid aangemerkt." Die gelofte is nie "trouw" volbring nie "waarom er donkere dagen over ons kwamen." Hierdie dae, waarmee die Anneksasie en die Vryheidsoorlog bedoel word, was nodig om die volk die vryheid weer "dierbaar" te laat ag en tot erkenning te bring dat hul sterkte alleen in God is. Hulle moes boet vir hulle sonde – o.m. ook omdat president Burgers die Bybel uit die skole geneem het. **God het die Engelse gebruik as "instrument" om die volk te tuggig en na Hom terug te bring.** [Lewende Verlede; F.A. van Jaarsveld; 1961; p204.] (eie aksent).

Soos wat Paulus dit stel in 2Tim.4:1-4, vermaan die Geloftesvolk Koördinerings-komitee [GKK] elke geloftepligtige volksgenoot om kennis te neem van die gevolge van troubreuk m.b.t. geloftes [Deut.23:21-23, Pred.5:3-5]. Ons huidige situasie is soortgelyk aan die 1877-1881 anneksasie periode, waarvan die herstel bewerk is deur die nakoming van die Gelofte van Bloedrivier, soos vervat in die Paardekraal Gelofte van 13 Des. 1880. Ons pad na soewereiniteit is gesetel in die nakoming van die Paardekraal Gelofte, wat vereis dat ons as volk jaarliks by Paardekraal byeen sal kom om die Gelofte van Bloedrivier te herdenk en daarmee saam die oorwinning oor die Britte tydens die Eerste Vryheidsoorlog in herinnering te roep -<https://www.volksvergadering.co.za/geloftes.php>

Dit is egter nie net met ons as volk waarmee die HERE [JHWH] 'n stryd voer nie, maar met alle volke soos in die vooruitsig gestel in Sagaria 14, wat nogal lyk na 'n wêreldoorlog, waarna die Koning van die hemele Sy Koninkryk hier sal vestig en Koning sal wees oor die hele aarde.

Die volgende sake sal D.V. aan die orde wees:

Sakelys:

7 Oktober 2017

08h30 - 09h00	Opening
09h00 - 09h30	Verwelkoming en ordereelings
09h30 - 10h00	Hou die profesieë verband met die dreigende derde wêreld oorlog en die invloed daarvan op die Geloftesvolk?
10h00 - 10h30	Bespreking
10h30 - 11h00	Pouse
11h00 - 11h30	Die implikasies van die HERE (JHWH) se regsgeeding met die Geloftesvolk.
11h30 - 12h00	Bespreking
12h00 - 12h30	Die jaarlikse bywoning van Geloftesfees byeenkomste is slegs 'n gedeeltelike vervulling van die Bloedrivier Gelofte.
12h30 - 13h00	Bespreking
13h00 - 14h00	Ete - Selfvoorsienend
14h00 - 14h30	Verantwoordelikheid van die Huis van Bloedrivier teenoor die volke wat ook deel is van die Kudde.
14h30 - 15h00	Bespreking
15h00 - 15h30	Moet ons volk ag gee op die tekens van die tye; die son, die maan en die sterre?
15h30 - 16h00	Pouse
16h00 - 16h30	Bespreking
16h30	Dag Afsluiting

Gesellig saam verkeer rondom die braaivleisvuur. Pap en sous sal voorsien word.

8 Oktober

08h30 - 08h45	Opening
08h45 - 09h00	Verwelkoming
09h00 - 09h30	Goedkeuring van Handeling van die Volksvergadering en gepaardgaande besluite.
09h30 - 10h00	Pouse
10h00 - 11h00	Verootmoedigingsdiens
11h00	Volksvergadering verdaag
11h30	GKK vergadering.